


Hierdie is die AHi se laaste nuusbrief vir 2023! Ons is dankbaar vir 'n vol, positiewe jaar. In hierdie nuusbrief kan u uitsien na 'n kersboodskap vanaf Dr Willie Cilliers, voorsitter van die AHi.

Ons deel ook 'n skakel met u om na 'n potgooi van RSG se Rand en Sent-program te luister waar Dr Cilliers as gas verskyn het. Die program het gehandel oor wat die kleinsakesektor kan doen om volhoubaar te bly.


Ons deel ook nuus met u oor hoe u die beste kan maak van u bonus sodat daardie addisionele inkomste slim aangewend kan word.

## Die AHi wens vir u 'n geseënde Kerstyd toe!



Die hele AHi-span wens vir u en u gesin ‘n geseënde Kerstyd toe. Ons vertrou dat u die ruskans sal geniet en die tyd met familie sal waardeer. Verder wens ons vir u ook ‘n voorspoedige nuwejaar toe en ons sien uit daarna om in 2024 verder skouer met u en u maatskappy te skuur.

In die onderstaande video stuur Dr Willie Cilliers, voorsitter van die AHi, ‘n kersboodskap uit. Klik op die video om dit te kyk!



Kry die meeste voordeel uit jou bonus.




Vir baie werknemers is 'n bonus tersprake tydens die tyd van die jaar. Verbruikers word egter aangeraai om slim met hulle bonus om te gaan om die beste daarvan te maak.

'n Onlangse artikel in Maroela Media het 'n paar wenke gegee vir hoe mens die beste kan maak van jou Desember-bonus. In die artikel stel die kenners voor dat mens 80% van jou bonusgeld gebruik om te belê vir die toekoms, huidige skuld te verminder en om te spaar vir noodgevalle.

Vind meer uit deur hier te klik.

## Meer Suid-Afrikaners huur huise volgens verslag.



TPN Credit Bureau het onlangs 'n verslag vrygestel waarin dit aangevoer word dat meer Suid-Afrikaners huise huur as koop. Die verslag meen dat die hoë rentekoers mense weerhou daarvan om eiendom te koop, aangesien verbruikers voel hulle meer waarde kan kry deur hulle woonhuise te huur.

Luidens die verslag het die algemene koers waarop huurhuise leeg staan met meer as 11% gedaal in die laaste deel van 2023.

Klik hier om die volle storie te lees.

## Luister na die potgooi van Rand en Sent waarop Dr Willie Cilliers 'n gas was.



Die AHi se Dr Willie Cilliers het gisteraand gesels met Jody Hendricks op RSG se Rand en Sent-program.

Dr Cilliers het hoofsaaklik gepraat oor wat die kleinsake sektor kan doen om volhoubaar te bly.

Luister die onderhoud deur hier te klik.

## Pacaltsdorp Community Business Association.



The Pacaltsdorp Community Business Association recently held their annual gala evening. It was a huge success and they specifically thanked all the sponsors that helped to make the evening as spectacular as possible.

The AHi wishes to congratulate them on a successful and fun evening!

Click here to view photos from the event.









**MyAHi Wes-Kaap**

info@ahiwc.com | www.myahi.co.za

**Ons adres is:**
Yorkstraat 112
Harry Mann Centre
George
6529
Suid-Afrika

Alle regte voorbehou 2023 © Uitgereik deur Digency

**Share this email:**

**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove®**
Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.
View this email **online**.

AHI Western Cape / Wes-Kaap Harry Mann Centre, 112 York St
George, | 6529 ZA

This email was sent to it@ahiwc.com.
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*